
# Lyne In Ons Lewens





**2021-05-02**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

**Daniël het ‘n uitsonderlike bediening gehad en was deur God gebruik.**

**Wat het sy verhouding met God so spesiaal gemaak?**

**Hy het sekere lyne in sy lewe getrek.**

## Skriflesing

**Verskeie gedeeltes uit die boek Daniël**





## 1. Die lyn van weerstand  (resistance)

- Jy gaan soms brawe besluite moet neem wat teen die stroom van die vlees (wêreld) is.
- God gee jou die geleentheid om jou aptyt te oefen (your appetite).
- Dissipline – Daniël kies om eerder so ver as moontlik van die luuksheid van die koning se tafel te leef.

Dan 1:8  En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie.

## 1. . Die lyn van weerstand (resistance)

- Hoe lyk die lyn van weerstand in jou lewe?
  - Het jy al 'n lyn getrek om grense te bepaal in jou lewe, wat God gaan behaag en in Sy wil is?
- Een verkeerde besluit kan jou lewe vir ewig ernstig beinvloed.

## 2. Die lyn van afhanklikheid (dependence)

- Koning Nebukadnésar het 'n droom gehad en soek die droom en uitleg
- Die Chaldeërs sê daar is geen mens op aarde wat sou kon doen wat die koning vra nie.
- Daniël vra tyd terwyl hy en sy vriende smeek by die Here (lyn van afhanklikheid)

Dan 2:18 en dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek

## 3. Die lyn van Lof & Aanbidding

- God antwoord Daniël in 'n gesig
- Daniël het God geprys en loof

**Dan 2:19** Daarop is in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar. **Toe het Daniël die God van die hemel geloof.**
Dan 2:20 Daniël het toe gespreek en gesê: Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne.
Dan 2:21 Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;
Dan 2:22 Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.
Dan 2:23 U, God van my vaders, loof en prys ek, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U ons bekend gemaak.

## 4. Die lyn van ons Christenskap en vrugte

Dan 6:5 Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie.
Dan 6:6 Daarop het dié manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.

* Eerlikheid * Etiese waardes
* Geen nalatigheid * Geen verkeerde dade
* Die manier hoe ons die Here dien

## 5. Die lyn van gehoorsaamheid (obedience)

- Daniël 6
- Daniël moes kies tussen die wet van die land en die wet van God
- Hy kies God en beland in die leeukuil
- Onthou hoekom het Daniël daar beland

Dan 6:11 En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.

## 6. Die lyn van wie jy is (jou naam)

- Daniel se naam beteken "Laat God my regter wees"
- Hulle wou sy naam verander het na Beltsasar
  - A name that invoked the Babylonian god Bel
  - Bel protects his life
  - Bel protect the king

Dan 4:8 totdat eindelik Daniël voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, na die naam van my god, en in wie die gees van die heilige gode is; en ek het hom die droom vertel:

## 6. Die lyn van wie jy is (jou naam)

- Ons name is in Jesus Christus
- Onthou wie jy is.

**Openb 3:12** Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

## 7. Die lyn van impak maak (impact)

3 x Heidense konings moet erken onder Daniel se getuienis en bediening God is die ware God, en sien Hom in aksie

- Nebukadnésar (drome)
- Bélsasar (hand teen die muur)
- Daríus (leeukuil)

Dan 6:26 Toe het koning Daríus aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon, geskrywe: Mag julle vrede groot wees!
Dan 6:27 Deur my word bevel gegee dat hulle in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en sidder voor die God van Daniël, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe.
Dan 6:28 Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op aarde, Hy wat Daniël uit die mag van die leeus verlos het.









Jos 24:15 **maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.**

**“Doen dit tot my gedagtenis”**